# 14. SAALOPENING: Vertrou op die Here

## <u>Inleiding</u>:

Daar is baie jongmense wat slaafs die woord van ander mense navolg. ‘n Vriend, ouer persoon, ‘n held, noem maar op. Daar is selfs Christene wat altyd staamaak op dit wat ander mense vir hulle sê om te doen. Dis asof hulle nie self kan besluit wat vir hulle en die mense rondom hulle die beste is nie.

## <u>Vingertoets:</u>

Kry ‘n paar deurskynende houers en gooi vloeistof daarin en sit dit voor die tyd op ‘n tafeltjie op die verhoog. Kry ‘n paar vrywilligers om jou te kom help. Demonstreer self aan hulle wat jy wil hê hulle moet doen. Druk jou vinger in die vloeistof, en druk jou vinger dan in jou mond, maak soos die Prof in die storie, druk jou wysvinger in die vloeistof, maar steek jou middelvinger in jou mond. Wanneer die vrywilligers klaar geproe het, laat hulle raai wat hulle geproe het, maar moenie sê of hulle reg of verkeerd was nie. Laat hulle gaan sit, terwyl jy die storie van die Prof en die vingertoets vertel.

## <u>Storie: Vingertoets</u>

‘n Professor aan ‘n mediese fakulteit, Prof William Osler, het tydens ‘n lesing aan sy studente getoon hoe belangrik dit is om besonderhede fyn waar te neem.

Hy het ‘n botteltjie urine aan die studente gewys en vir hulle gesê dat dit ‘n tipe vloeistof is waarmee ‘n mens selfs kan vasstel wat ‘n pasiënt makeer deur aan die vloeistof te proe.

Hy het toe ‘n vinger in die urine gedoop en sy vinger in sy mond gesteek. Hy het die botteltjie vir die naaste student gegee en verduidelik: “Ek stuur nou die botteltjie in die klas om. Almal moet van die vloeistof proe. So kan ons leer hoe belangrik die tegniek is en die geval diagnoseer”.

Elke student het versigtig ‘n vinger in die botteltjie gesteek, geproe en gefrons, want hulle kon die smaak nie herken nie. Prof Osler het die botteltjie teruggevat en sy studente geskok met die woorde: “Dames en here, hierdie is ‘n botteltjie urine en julle sal nou verstaan wat ek bedoel met fyn waarneming”.

“As julle fyn opgelet het, sou julle gesien het dat ek my wysvinger in die botteltjie gedoop het, maar toe my middelvinger in my mond gesteek het”

**<u>Toepassing</u>:**

Kom ons kyk wat julle geproe het ………………. Prof Osler se studente moes leer om fyn te kyk, fyn te proe om ‘n “fyn” en regte diagnose te maak. Een van die kenmerke van ‘n goeie mediese dokter is dat hy fyn luister en kyk.

Die Here Jesus het ons in staat gestel om so fyn te kan onderskei in die lewe, om regtig te kan onderskei wat die dinge is wat waarlik saakmaak. Christene gebruik nie net hulle vingers en sintuie om besluite te neem nie. Nee, ons kan staatmaak op die werking van God se Heilige Gees om ons te leer wat God se wil is.

Ps 32:8 sê dit so mooi “Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou”

**SLUIT AF MET GEBED**

**Verwerk uit**: Vlamvat-idees! Deon Kitching en Heilet Zaaiman Bl. 13-14